Rapporteerbaar: Ja / Nee
Sirkuleer onder Regters: Ja / Nee
Sirkuleer onder Landdroste: Ja / Nee
Sirkuleer onder Streeklanddroste: Ja / Nee

# IN DIE Hoë HOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Hoë Hof, Kimberley)

Saak No: CA&R 108/2011
Saak Aangehoor: 06/02/2012
Datum gelewer: 10/02/2012

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| Leon Plaatjies | Eerste appellant |
| Willem van Rooy | Tweede appellant |
| Curvin Louw | Derde appellant |

en

| | |
|---|---|
| Die Staat | Respondent |

Coram: Olivier R et Phatshoane R

**UITSPRAAK**

**Olivier R:**

1]. Die drie appellante het in 'n gesamentlike verhoor in die Streekhof tereggestaan op aanklagte dat elk van hulle die klaagster een keer verkrag het. Al drie van hulle het op hierdie aanklagte skuldig gepleit. Hulle het elk 'n verklaring ingevolge artikel 112 (2) van die Strafproseswet[1] afgelê. Die aanklaer het hulle pleite van skuldig, en die basis daarvan soos uiteengesit in die verklarings, aanvaar en hulle is dan ook op daardie basis elkeen aan een aanklag van verkragting op die klaagster skuldig bevind.

1 51 van 1977

2]. Die eerste en derde appellante was ten tye van die verkragtings 24 jaar oud, en ten tye van vonnisoplegging 26 jaar oud. Die tweede appellant was ten tye van die verkragtings 17 jaar oud, en ten tye van die oplegging van vonnis 20 jaar oud.

3]. Weens die feit dat die klaagster meer as een keer verkrag is en deur meer as een persoon, en weens hulle ouderdomme, het die eerste en derde appellante blootgestaan aan 'n voorgeskrewe vonnis van lewenslange gevangenisstraf[2]. Die streeklanddros het egter bevind dat daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan het wat 'n afwyking van die voorgeskrewe vonnisse geregverdig het.

4]. Die eerste en derde appellante is elk gevonnis tot 24 jaar gevangenisstraf, en die tweede appellant tot 18 jaar gevangenisstraf. Die appellante kom nou met verlof van die streeklanddros in hoër beroep teen hierdie vonnisse.

5]. Dit is geykte reg dat 'n hof van appél slegs met 'n vonnis sal inmeng waar dit skokkend swaar en onvanpas is of waar dit die gevolg is van 'n wesenlike mistasting[3].

6]. Die tersaaklike feite, soos dit blyk uit die appellante se verklarings en uit die getuienis van die klaagster (vir sover dit onbetwis was en nie strydig was met die inhoud van die appellante se verklarings nie), was soos volg:

6.1] Die drie appellante het deur die loop van die betrokke dag

---

2 Artikel 51 (1), gelees met Deel 1 van Bylae 2, van die Strafregwysigingswet, 105 van 1997
3 **S v Giannoulis** 1975 (4) SA 867 (A) op 868E-G

gedrink. Daardie nag het hulle in ‘n voetganger tonnel onder ‘n spoorlyn te De Aar gesit en rook, en al drie van hulle was op daardie stadium sterk onder die invloed van drank.

6.2] Die klaagster, ‘n 50 jarige vrou, was saam met ‘n ander persoon te voet onderweg vanaf ‘n kuierplek, waar sy gedrink het, na die stasie te De Aar om haar dogter te gaan haal, wat van Johannesburg sou kom.

6.3] Toe die klaagster deur die tonnel beweeg, is sy aangeval deur die appellante en het die ander persoon op die vlug geslaan. Die eerste appellant het toe die klaagster teen die sementvloer van die tonnel gegooi, wat veroorsaak het dat haar kop gekap het en dat sy ‘n besering opgedoen het bokant haar linkeroog. Die klaagster was eweneens sterk onder die invloed van drank en het geen weerstand gebied toe die tweede appellant haar klere uitgetrek het nie.

6.4] Die derde appellant het toe die klaagster verkrag, terwyl die eerste en tweede appellante uitkyk gehou het vir enige persone wat moontlik op hulle kon afkom. Daarna het eers die eerste appellant ook die klaagster verkrag, terwyl tweede en derde appellante uitkyk gehou het, en toe die tweede appellant, terwyl die eerste en derde appellante uitkyk gehou het.

6.5] Kort ná hierdie gebeure is daar tydens ‘n mediese ondersoek

van die klaagster ‘n klein snywond gevind bokant haar linker ooglid en was haar linker ooglid toegeswel. Daar was ook ‘n 5 x 5 cm hematoom aan haar kopvel.

6.6] Dit was die klaagster se getuienis dat sy, as ‘n direkte gevolg van hierdie gebeure, vir ‘n tyd lank behandeling moes ondergaan vir depressie. Sy het verder getuig dat die gebeure ‘n nadelige invloed gehad het op haar geslagslewe, tot so ‘n mate dat ‘n verhouding waarin sy op daardie stadium verkeer het, skipbreuk gely het. Ook hierdie gevolg was klaarblyklik van tydelike aard, aangesien sy ten tye van die aflegging van haar getuienis alreeds weer getroud was en in Kaapstad woonagtig was.

7]. As gronde van appèl is namens die appellante aangevoer, ondermeer, dat die streeklanddros onvoldoende gewig geheg het aan die afwesigheid van enige voorafbeplanning, en ook dat die streeklanddros versuim het om by die oorweging van vonnis in ag te neem dat die appellante vanaf hulle arrestasie in Oktober 2009 tot met die oplegging van vonnis in Julie 2010 verhoorafwagtend in hegtenis verkeer het. Daar is dan ook inderdaad in die vonnis-uitspraak geen vermelding van enige van hierdie twee faktore nie. Die streeklanddros het ook nie op hierdie gronde van appèl gereageer by wyse van verdere redes nie, maar verkies om te volstaan by haar *ex tempore* uitspraak. Na my oordeel behoort dus vir doeleindes van die appèl aanvaar te word dat hierdie stellings korrek is en dat die streeklanddros in hierdie opsigte mistastings begaan het.

8]. Wat die kwessie van berou betref, was die streeklanddros ook nie bereid om verder te gaan nie as om die appellante se pleite van skuldig te aanvaar as 'n "*aanduiding*" van berou. Daardie benadering het egter uit die oog verloor, oënskynlik, die feit dat al drie die appellante dit in hulle artikel 112 (2)-verklarings as 'n feit gestel het dat hulle "*baie jammer*" was en "*diepe berou*" gehad het oor die gebeure. Hierdie feitelike stellings vorm deel van die feite wat die aanklaer aanvaar het as korrek en die streeklanddros was dus gebonde daaraan vir die doeleindes van vonnis.

9]. Voorts het die streeklanddros klaarblyklik verkeerdelik onder die indruk verkeer dat die derde appellant op die stadium van vonnisoplegging 26 jaar oud was, terwyl hy toe net 24 jaar oud was.

10].

10.1] Die eerste appellant is in die loop van die jaar 2000 by twee geleenthede skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal, en by een geleentheid aan ontsnapping of 'n poging tot ontsnapping. Nie een van sy vorige veroordelings is dus verbandhoudend met die misdaad van verkragting nie, maar dit blyk minstens dat hierdie nie sy eerste kennismaking met die gereg was nie. Dit blyk ook uit die vonnisse wat hy opgelê is dat hy reeds by meerdere geleenthede die geleentheid gebied is om, by wyse van opgeskorte gevangenisstraf, buite gevangenisverband te rehabiliteer. Dit behoort egter sekerlik in die guns van die eerste appellant in aanmerking geneem te word dat 'n

periode van ongeveer 8 jaar verstryk het tussen die datum van sy laaste vorige veroordeling en die pleging van die onderhawige misdaad.

10.2] Die tweede appellant het geen vorige veroordelings van enige aard gehad nie.

10.3] Die derde appellant is in 2000 en in 2006 skuldig bevind aan huisbrake met die opset om te steel en diefstal, en in 2004 aan diefstal. By geleentheid van sy eerste vorige veroordeling is hy die voordeel gegee van 'n uitgestelde vonnis. By sy latere vorige veroordelings is hy egter telkens gevangenisstraf opgelê. Wat beslis verswarend teen die derde appellant tel, is die feit dat die derde appellant die verkragting gepleeg het terwyl hy nog op parooltoesig uit was nadat hy by die laaste geleentheid uit die gevangenis vrygelaat is. Dit sou 'n basis kon gewees het vir 'n onderskeid tussen sy vonnis en dié van die eerste appellant, maar nou is dit so dat laasgemelde die persoon was wat die klaagster eerste aangeval het en wat haar aangerand het deur haar teen die vloer te gooi.

11]. Die streeklanddros het na my oordeel tereg bevind dat daar, wat die eerste en derde appellante betref, wesenlike en dwingende omstandighede bestaan het wat 'n afwyking van die voorgeskrewe vonnis regverdig het. Daar is in hierdie verband melding gemaak van die afwesigheid van verbandhoudende vorige veroordelings, die aanduiding van berou wat te vinde is in die appellante se pleite van

skuldig en die rol wat drank gespeel het. Hierby sou na my oordeel gevoeg kon word, minstens, die afwesigheid van enige voorafbeplanning en dat al drie appellante ongeveer 9 maande lank verhoorafwagtend in hegtenis verkeer het.

12]. Wat die tweede appellant betref, is daar geen proefbeampteverslag wat meer lig sou kon werp op sy persoonlike omstandighede nie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat, alhoewel hy 17 jaar oud was ten tye van die pleging van die misdaad, hy by oorweging van vonnis alreeds 20 jaar oud was. Boonop het hy op die stadium toe die misdaad gepleeg is duidelik reeds die lewe van 'n volwassene gelei, want hy het op daardie stadium tydelike werk verrig by 'n boukontrakteur.

13]. Beide ouers van die tweede appellant is oorlede toe hy nog baie jonk was, en hy het by sy tannie grootgeword. Sy moes vir hom sorg, alhoewel sy ook maar as 'n skoonmaker werksaam was. Die tweede appellant het op skool slegs tot graad 8 gevorder.

14]. Die tweede appellant het hierdie misdaad gepleeg slegs twee dae voordat hy 18 jaar oud sou word. Dit moet egter steeds in gedagte gehou word dat hy ten tye van pleging van hierdie misdaad 'n jeugdige was, wat boonop sterk onder die invloed van drank was en wat in hierdie aanval betrokke geraak het in die geselskap van twee heelwat ouer persone. Hy is egter die een wat die klaagster ontklee het en daar is geen suggestie dat hy aangesê is om so te doen nie. Op sy eie weergawe was hy ook inderdaad deel van die besluit om die klaagster te verkrag.

15]. Die eerste en derde appellante se persoonlike omstandighede is volledig voor die streeklanddros geplaas. Daar is nie enige aspek daarvan wat in besonder as versagtend aangemerk sou kon word nie. Ook hulle was egter ten tye van pleging van die misdaad maar nog relatief jeugdig en, soos reeds gemeld, was hulle beide ook sterk onder die invloed van drank. Beide die eerste en derde appellante het kinders onderhou[4]. Beide was werksaam ten tye van hulle arres.

16]. Wat die misdade self aanbetref, is dit duidelik gepleeg op die ingewing van die oomblik, en toe die appellante die klaagster die tonnel sien binnekom het. Aan die ander kant is dit verswarend dat hulle ‘n weerlose en besope vrou, wat heelwat ouer was as enige van hulle, so aangeval en verkrag het. Die klaagster het dit as ‘n besondere vernedering ervaar.

17]. Alhoewel die betreklik geringe aard van die klaagster se fisiese beserings moontlik nie opsigself as ‘n wesenlike en dwingende omstandigheid sou kon gedien het vir soverre dit die voorgeskrewe vonnis ten aansien van die eerste en die derde appellante betref het nie[5], sou hierdie faktor sekerlik relevant wees waar wesenlike en dwingende omstandighede op ‘n ander basis bevind is, en in elk geval ook ten aansien van die tweede appellant. Na my oordeel behoort ook aanvaar te word dat daar geen blywende fisiese skade uit die aanval voortgespruit het nie. Die klaagster se getuienis dat sy as gevolg van die gebeure verswakte sig in haar een oog het, is

4 Die eerste appelant het vyf kinders by vyf verskillende vroue

5 Sien artikel 51 (3) (aA) (ii) van die voormelde Strafregwysigingswet; vergelyk **S v Nkawu** 2009 (2) SACR 402 (ECG)

gebaseer op advies wat sy skynbaar verkry het van 'n geneesheer, wie se getuienis nooit aangebied is nie. In die lig hiervan, en ook in die lig daarvan dat dit baie duidelik is dat die klaagster in haar getuienis die erns van die aanval probeer aandik het, meen ek dat aanvaar behoort te word dat daar geen betroubare getuienis is van blywende fisiese gevolge nie. Op die weergawes in die appellante se verklarings is daar, afgesien van die neergooi van die klaagster, geen geweld of dreigemente van geweld toegepas tydens die verkragtings nie.

18]. Wanneer die feite en die omstandighede van die onderhawige geval volledig oorweeg word, en by wyse van vergelyking kennis geneem word van vonnisse soos dié in **S v Matoewa**[6] en **S v Mabuza and Others**[7], meen ek dat vonnisse van 18 jaar gevangenisstraf, 14 jaar gevangenisstraf en 18 jaar gevangenisstraf gepaste vonnisse sou gewees het vir onderskeidelik die eerste, tweede en derde appellante. Hierdie vonnisse verskil tot so 'n mate van die opgelegde vonnisse dat die noodwendige gevolgtrekking is dat die laasgemelde vonnisse skokkend swaar en onvanpas is.

19]. Ek vind die submissies van die advokaat vir die respondent, mnr Mokone, dat die vonnisse onvanpas lig is, en dat die streeklanddros verkeerd was om ten aansien van die eerste en derde respondente wesenlike en dwingende omstandighede te bevind, moeilik om te begryp. In die betoogshoofde namens die respondent word die tweede appellant, ten aansien van wie daar nie 'n voorgeskrewe vonnis was nie, se posisie ook glad nie onderskei van dié van die

---

6 2009 (2) SACR 303 (ECG)
7 2009 (2) SACR 435 (SCA)

eerste en derde appellante nie.

20]. Mnr Mokone het gesteun op **S v Matyityi**[8]. Die feite van daardie geval is egter onderskeibaar. Daar is op appèl bevind dat die betrokke appellant 'n verbandhoudende vorige veroordeling gehad het en dat, alhoewel hy skuldig gepleit het, hy nooit verduidelik het waarom hy dit gedoen het of inligting verskaf het op grond waarvan bevind kon gewees het dat hy berou gehad het nie. Hier was nie verbandhoudende vorige veroordelings nie en het dit onbetwis gestaan dat die verkragtings gepleeg is vanweë die invloed van drank en dat die appellante opregte berou gehad het. In **Matyityi** is die verkragtings ook gepleeg as deel van 'n brutale en wrede aanval op die klaagster en haar vriend, en het haar vriend as gevolg van sy beserings beswyk. Boonop het die betrokke appellant die leiersrol gespeel teenoor sy mede-aanvallers en het hy heel berekend gepoog om hul spore uit te wis.

21]. Die submissie, oënskynlik, dat die streeklanddros verkeerd was om te bevind dat die eerste en derde appellante se vorige veroordelings nie verbandhoudend was met die verkragtings nie, is duidelik verkeerd en verg werklik geen verdere bespreking nie.

22]. Net so ooglopend verkeerd is die submissie dat die appellante se pleite van skuldig in die omstandighede van hierdie geval nie aanduidend van berou was nie. Dit verloor uit die oog die appellante se onbetwiste verklarings van berou.

23]. Die advokaat vir die respondent se steun (in sy hoofde van betoog)

8 2011 (1) SACR 40 (SCA)

op die klaagster se getuienis dat sy ook geskop is en dat sy weens die voorval sig in haar een oog verloor het, is ook misplaas. Haar getuienis dat sy geklap is, was strydig met die feite wat die aanklaer aanvaar het toe die appellante skuldig gepleit het. Wat betref haar getuienis oor haar oog, het sy eers beweer dat haar linkeroog in die voorval beskadig is, en later dat dit haar regteroog was. Sy het ook nooit getuig dat sy haar sig verloor het nie – slegs dat dit verswak het, en selfs dit het sy gebaseer op die opinie van 'n oogarts wat nooit getuig het nie.

24]. Die submissies van dieselfde advokaat dat die streeklanddros te veel gewig geheg het aan die feit dat die misdade nie vooraf beplan was nie, is net so vreemd. Soos reeds gemeld, is hierdie faktor nie eers in die vonnis-uitspraak vermeld nie.

25]. Daar is eenvoudig geen meriete in die respondent se betoog dat die vonnisse te lig is nie.

26]. Bygevolg slaag die appélle. Geen ander vonnisse as direkte en relatiewe langtermyn gevangenisstraf sal egter gepas wees nie en dus word die volgende bevele hierin gemaak:

1. **Die eerste appellant se vonnis van 24 jaar gevangenisstraf word tersyde gestel en vervang met een van 18 jaar gevangenisstraf, wat teruggedateer word tot 16 Julie 2010.**

2. **Die tweede appellant se vonnis van 18 jaar gevangenisstraf word tersyde gestel en vervang met een van 14 jaar gevangenisstraf, wat teruggedateer word tot 16 Julie 2010.**

**3. Die derde appellant se vonnis van 24 jaar gevangenisstraf word tersyde gestel en vervang met een van 18 jaar gevangenisstraf, wat teruggedateer word tot 16 Julie 2010.**

______________________

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

**Ek stem saam.**

______________________

**M V PHATSHOANE**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

| | |
|---|---|
| **Nms Appellant:** | **Mnr A van Tonder** |
| **Namens:** | **Regshulpsentrum, KIMBERLEY** |
| | |
| **Nms Respondent:** | **Adv U Mokone** |
| **Namens:** | **Direkteur van Openbare Vervolgings, KIMBERLEY** |